

DURF JY, OF DURF JY NIE?



JONG WAAGHALS

BENODIGDHEDE: **Romp:** Pingouin Flammé (50-g-bolle): 4 bolle; **Toppie:** Pingouin Ruban (50-g-bolle): 3 bolle; breinaalde van 4 mm, 4,50 mm en 6 mm; 50 cm dun rek.

MATE: **Toppie:** Om borsmaat van 81 tot 96 cm te pas. **Romp:** Heupe 82 tot 98 cm.

AFKORTINGS: enkelrif – enkelriffelsteek (= deurgaans een steek regs, een steek awe-regs); st(e) – steek (steke).

ROMP: Stel 136 ste met Pingouin Flammé en 6-mm-breinaalde op.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde en brei 56 cm enkelrif of so lank soos verkies.

Heg met 6-mm-breinaalde af.

TOPPIE: Stel 111 ste met Pingouin Ruban en 6-mm-breinaalde op. Slaan oor na 4,50-mm-breinaalde en brei 15 cm enkelrif. Heg met 6-mm-breinaalde af.

AFWERKING: **Romp:** Werk synaats toe. Vou na regte kant om, om 'n boord by middel te vorm, soos op foto gesien kan word.

Toppie: Draai band een keer en werk agternaats toe. Ryg rek deur borand aan agterkant van toppie om toppie in te trek.●